

Sing vooraf staande: Psalm 39:3, 5 (p. 198)

- 3 O HEER, ontdek my lewensend aan my; / my dae is by U getel.
En leer my tog hoe kort van duur ek is: / 'n handbreed is my tyd gestel;
'n ademtog en – ek is dit weer kwyt! / Ja, elke mens is nietigheid.
- 5 En nou, wat is dit waar ek nog op wag? / Ek hoop op U alleen, o God!
Red my van skuld, die oorsaak van my smart, / en laat die dwaas nie met my spot;
dan swyg ek stil, want U het dit gedoen; / ek wil my met u wil versoen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte^o en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale^o oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:43, 52 (p. 595)

- 43 Stel u woord my tot 'n steunsel, / dat 'k kan lewe, en nie loop
tot my eie spot en skande, / na 'n ongewisse hoop.
Sterk my, red my; laat die liefde / tot u wet in my ontwaak;
want U bring oor hul veragting / wat bedrog hul steunsel maak.
- 52 As ek wandel in benoudheid, / en in diepe angs geraak,
is u woord die een en alles / waar my hart hom in vermaak.
Ewige geregtighede / vloei uit u getuienis.
Leer my daaruit so te lewe / soos die ware lewe is.

Gebed

Psalm 90:1, 2, 3 (p. 454)

- 1 U was, o HEER, vanaf die vroegste jare / vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.
Voordat die rotsgebergtes was gebore, / die aarde^o uit niks geroep was, lank tevore –
is U, o HEER, dieselfde God van mag, / onwankelbaar in wese en in krag.
- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER, / 'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.
- 3 Wat is die mens as U hom soos met strome / so snel oorgolf? Sy lewe^o is slaap en dromel!
Die môre staan hy nog omhooggehewe / soos gras wat spruit in eerste jonkheidslewe.
Maar sawens al, dan word hy afgesny, / dan droog hy weg, en dis met hom verby.

Skriflesing: Kolossense 3:1-4 en Prediker 1:1-11

Kernverse: Prediker 1:2-3

Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks.

Wat kry die mens vir sy geswoeg, sy geswoeg in hierdie wêreld?

(Prediker 1:2-3 AFR83)

Tema: Lewe hier op aarde alleen, hoe vrugtelos!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, baie mense kom by 'n punt in hulle lewe wanneer hulle hulleself afvra: Wat het ek nou al in die lewe bereik? So 'n vraag lei daartoe dat jy begin voorraad opneem. Jy vergelyk die drome wat jy gehad het as jongmens met wat jy uiteindelik reggekry het. En in die meeste gevalle is dit so dat nie al jou drome waar geword het nie. Natuurlik kan 'n mens daarvoor terneergedruk begin voel.

Gewoonlik is dit mense in hulle middeljare wat hierdie soort voorraadopname van hulle lewe maak. 'n Jongmens vra nie wat hy nou al in die lewe bereik het nie. Jongmense se oë blink nog van al die dinge wat hulle gaan doen. Ouer mense vra ook nie hierdie vraag nie; hulle het rustigheid gekry oor wat hulle bereik het en spoor die jonger geslag aan om hulle drome te bereik.

In die boek Prediker is daar iemand aan die woord en dit klink asof hy in hierdie krisistyd van sy middeljare gekom het. Hy begin op 'n baie negatiewe noot. **Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks** (Prediker 1:2 AFR83). Die lewe het vir hom betekenis verloor, want hierdie woorde in vers 2 is nie net 'n opskrif vir hierdie gedeelte van Prediker 1 nie. Die woorde *dit kom tot niks* word oor en oor dwarsdeur die boek gehoor, soos 'n eentonige deuntjie wat maal en maal.

'n Mens sou kon sê dat die Prediker 'n baie swartgallige mens moes gewees het. Vir hom het die lewe verseker alle betekenis en sin verloor. Maar is die lewe regtig so doelloos? Kom alles werklik tot niks? Is die lewe maar net 'n gejaag na wind? Ons kan waag om op al hierdie vrae ja te antwoord. Dit staan dan hier in die Bybel geskryf dat alles tot niks kom. Iemand wat egter die Bybel al goed ken, sal sê: Maar wag so 'n bietjie. Jesus sê tog self in Johannes 10 dat Hy gekom het sodat die mense wat aan Hom behoort die lewe kan hê, en dit in oorfloed (Joh 10:10).

Weerspreek die Bybel homself dan nou? Broers, susters en kinders, ons wil dadelik sê: Nee, die Bybel weerspreek homself tog nie. God die Heilige Gees is mos die eintlike skrywer van die Bybel. Hy het wel mense gebruik om God se Woord neer te skryf. En ons is reg, die Bybel weerspreek homself nie. Maar hoe moet ons dan verstaan wat die Heilige Gees deur hierdie prediker vir ons neergeskryf het?

Kom ons herinner onself net eers weer aan twee van die groot geheime van Bybel lees en Bybel verstaan. Aangesien die Heilige Gees die eintlike Skrywer van die hele Bybel is, het ons geleer dat die beste manier om die Bybel te verstaan is om in die eerste plek elke gedeelte binne die onmiddellike konteks te lees waarin die Heilige Gees dit neergeskryf het. Dan moet 'n mens jouself afvra hoe hierdie boek in die res van die Ou of Nuwe Testament inpas en hoe dit uiteindelik in die hele openbaring van die Here inpas. Die eerste geheim is dus om elke gedeelte binne konteks te lees en die tweede geheim is om dit wat hier geskryf staan te vergelyk met ander gedeeltes in die Bybel wat oor dieselfde saak iets sê.

Kom ons laat die Heilige Gees ons vanoggend lei om eers raak te sien wat die Prediker in ons kernverse bedoel. Die boek Prediker is nie soos enige van die ander boeke in die Bybel nie. Hier word nie positief iets gesê van wat die Here gedoen het nie. Die boek begin ook nie om vir ons te sê

dat dit die Woord van God is en ons daarna moet luister nie. Inteendeel, die boek begin absoluut negatief. En dit word beklemtoon:

Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks. (Prediker 1:2 AFR83)

Die woord wat ons vertaal met *niks*, wil in Hebreeus iets uitdruk van 'n groot leegheid of 'n asem of 'n *walm* en as 'n mens dit figuurlik gebruik, beteken dit *waardeloos*. 'n Beeld wat hierdie begrip mooi kan verduidelik is die volgende: wanneer jy aan iemand mond-tot-mond-asemhaling moet gee, moet jy behoorlik lug in die persoon inblaas. As jy maar net so 'n asempie blaas, gaan dit niks beteken nie. Daardie asempie gaan net mooi niks vir daardie persoon doen nie. Dit is net so goed jy het niks gedoen nie.

Die persoon wat hier geskryf het, het baie dinge in die lewe al ervaar. Hy het ook baie dinge in sy lewe onderneem en groot suksesse bereik. Maar hy het tot die teleurstellende slotsom gekom dat alles wat hy nou al gedoen en bereik het eintlik niks is nie. Dit is waardeloos. Dit het vir hom gevoel asof hy al sy energie vermors het, want alles kom tot niks. Hy het nou al hierdie dinge gedoen en wat het hy om te wys daarvoor? Net een groot leegheid.

Nou sal 'n mens wil weet wie is dit wat sulke dinge kwytgeraak het. Uit die woorde in vers 1 het baie mense aangeneem dat dit Salomo moes gewees het. Hy is immers die enigste seun van Dawid wat in Jerusalem geregeer het en wat daarvoor bekend was dat hy baie wysheid van die Here ontvang het. Die boek Prediker is, soos Spreuke, deel van die wysheidsboeke in die Bybel. Die mense wat indiepte-navorsing oor die taal gedoen het, het egter gesê dat die taalgebruik nie uit die tyd van Salomo kom nie.

Wie die menslike skrywer van hierdie boek is, maak eintlik nie vir ons saak nie. Ons weet dit is die Heilige Gees wat hierdie boek geskryf het. En die persoon wat Hy gebruik het, staan bekend as die Prediker. Dit is iemand wat die volk van die Here moes onderrig. En nou wil 'n mens vra, maar watter soort onderrig is dit hierdie? Dit is dan so negatief en somber. Wanneer 'n mens die hele boek deurlees, begin 'n mens wonder wat die Prediker die mense dan wil leer.

Broers, susters en kinders, wanneer 'n mens die boek biddend deurlees en alles bekyk waarvan hier gepraat word, kom 'n mens agter dat die Prediker vir ons die groot prentjie wil laat raaksien. Dit gebeur so baie maal dat jy vasgevang word in dit waarmee jy besig is, dat jy net die hier en nou kan raaksien. Jy sien nie meer raak waarvandaan jy kom en hoe dit gekom dat jy nou hier besig is nie. En nog minder sien jy raak waarheen jy op pad is met jou besig wees. Daarom wil die Prediker hê ons moet net 'n bietjie terugtree en die hele prentjie beskou.

En as ek en jy terugtree en die hele prentjie hier voor ons bekyk, wat sien ons raak? Die Prediker sê, kyk mooi, dit alles kom tot niks, tot niks sê ek vir jou. En is dit nie waar nie? Toe ons grootmense nog in ons ouerhuise was, het ons uitgesien na die dag dat ons onafhanklik kan wees. Toe wou ons trou. En toe ons getroud is, wou ons kinders hê. En in ons werk wil ons uitstyg en suksesvol wees. Ons wil iemand van betekenis wees. En het dit regtig gebeur? Nee, dit het nie. Die voorgeslagte is al vergeet, en die nageslag sal net so deur die volgende geslagte vergeet word.

Van al jou baie jongmensdrome het daar net sommige waar geword. Deur jou lewe sal jy baie goed bymekaarmaak en op die ou end sal dit na iemand anders toe gaan – iemand wat nie daarvoor gewerk het nie. Wanneer jy oud geword het, sal jy waarskynlik na 'n kleiner woonplek trek. Van baie van die goed wat vir jou kosbaar is, sal jy ontslae moet raak, want daar is nie plek daarvoor nie. Dit gaan in iemand se hande beland wat nie soveel waarde daaraan gaan heg soos wat jy gedoen het nie. Iemand anders gaan in jou huis bly wat jy oor so baie jare afbetaal het. En die dag wanneer jy sterf, is alles verby. Dit is die paadjie vir elke liewe mens, man en vrou, gelowige en ongelowige, sê die Prediker.

Dit is nogal 'n donker prentjie. Party mense sal sê: Ag, wat help al ons harde werk dan nou eintlik? Kom ons leef maar vir die oomblik. Kom ons gee onself oor aan die plesier van hierdie lewe en laat alles maar hulle gang gaan. Op die ou end sterf ons tog almal en dan is dit klaar. Geliefdes, iemand wat so 'n opmerking maak nadat hy en sy die boek Prediker gelees het, het nie mooi na die Bybel geluister nie. As ons aandagtig kyk, sal ons raaksien van watter soort lewe die Prediker vir ons preek. Hy vra in vers 3:

Wat kry die mens vir sy geswoeg, sy geswoeg in hierdie wêreld?
(Prediker 1:3 AFR83)

Die OAV stel dit nog duideliker:

Watter voordeel het die mens van al sy moeite waarmee hy hom vermoei onder die son?
(Prediker 1:3 AFR53)

Die antwoord op hierdie vraag het ons inderwaarheid reeds in vers 2 gehoor. Wanneer 'n mens na die lewe hier op aarde kyk vanuit die mens se oogpunt, dan is die lewe inderdaad vrugteloos. Dan moet 'n mens sê alles kom tot niks. Maar wanneer 'n mens die werklike betekenis van die lewe wil raaksien, moet 'n mens die lewe vanuit God se oogpunt raaksien. En dit is waarheen die Heilige Gees ons nou lei.

Die Prediker praat van die lewe hier op aarde onder die son. Hy praat van werk en moeitevolle arbeid onder die son. Maar werk was nie van die begin af moeite vir die mens nie. Werk was ook nie die straf op die sonde nie. Net nadat God die mens geskep het, het Hy vir hulle gesê om die aarde te bewerk en om oor die diere en plante te heers. Werk was dus nie en is ook nooit deur die Here bedoel om moeite en swaarkry te wees nie.

Wat nog meer is, daar was in die begin 'n baie mooi verbintenis tussen die hemel en die aarde. Tussen God en die mense was daar 'n oop verhouding. Adam en Eva kon enigiets doen en hulle het geweet dit sou reg wees en volgens die wil van God, want hulle was volmaak goed geskep deur die Here. Hulle het geen sonde gehad nie. Hulle het geen beperking hier op aarde gehad nie, behalwe dat hulle nie van die boom van kennis van goed en kwaad se vrugte mag geëet het nie.

Maar hierdie mooi oop verhouding tussen die mense en God, tussen die aarde en die hemel, het toegeslaan die dag toe die mense wel van die verbode vrugte geëet het. Van hier onder die son se kant af – van ons kant af – is elke toegang na God toe toegeslaan. So toegeslaan dat die mens nie bereid was om deur God raakgesien te word nie. Hulle wou nie eers naby die Here kom nie. Hy moes hulle gaan uit roep van agter die bome in die tuin waar hulle weggekrui het. Toe moes die mens ook hoor hoe vasgevang hy en sy vrou en sy hele nageslag geword het. Omdat hy geëet het van die boom waarvan die Here hom verbied het om te eet, **is die aarde deur sy toedoen vervloek; met swaarkry sal hy daaruit 'n bestaan maak, sy lewe lank; die aarde sal vir hom dorings en dissels laat uitspruit, en hy sal veldplante eet; net deur harde werk sal hy kan eet, totdat hy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is hy geneem** (Genesis 3:17-19 AFR83).

Deur sy eie toedoen het die mens hom nou ingeperk. Nou is ons gevange hier op aarde. Ons is nou deel van hierdie eindelose sirkelgang van lewe en sterwe en stof word. En dit is wat die Prediker aan ons wil uitwys: die gevolg van die vloek wat op ons rus as gevolg van ons sonde. Daarom verwys hy tot 23 keer deur die hele boek na die moeite wat ons hier verduur, die moeite om iets gedoen te kry en die uiteindelijke nutteloosheid daarvan omdat alles tot niks kom.

Geliefdes, deur hierdie ingeperk wees op die aarde en omdat daar nie meer 'n oop verhouding van die aarde na die hemel toe was nie, het dit gebeur dat die mens ook nie verder kon sien as die son nie. En omdat die son so 'n belangrike rol speel vir ons mense se lewens hier op aarde het baie van

die ou volke die son as hulle god begin aanbid. Maar dit is nie waar die Here ons God ons wil hou nie. Hy wil ons nie ingeperk hou nie. Hy wil hê die mens moet verby die son kan sien. Daarom het Hy as straf en vloek oor die Egiptenare groot duisternis oor hulle hele land gebring. Die mens moes besef dat die son nie 'n god is nie, maar dat die Here God is. Dit is Hy wat die son kan laat skyn of nie laat skyn nie.

Alhoewel die son nie 'n god is nie, en gelukkig weet ons dit darem al, gebruik die Here ook die son om iets van sy blywende trou aan ons bekend te maak. Ons sing daarvan in Psalm 89. In die Bybel staan dit so geskryf:

Ek, die Heilige, het 'n eed afgelê, en my woord aan Dawid sal ek nie verbreek nie: daar sal altyd nakomelinge van hom wees, sodat sy troon so blywend soos die son sal wees. (Psalm 89:36-37 AFR83)

Ons weet dat troon in hierdie sin na die koningskap verwys. Natuurlik is daar ook net een uit Dawid se nakomelinge wie se koningskap so ewig is, en dit is Christus Jesus ons Here. Sy koningskap het geen einde nie.

Dit is immers Hy wat weer 'n verbintenis kom maak het tussen die aarde en die hemel. Die toegang van ons af na God toe, wat toegeslaan was, het Hy kom oopbreek. Die dag toe Jesus op Golgota aan die kruis gehang het, was daar van twaalfuur af vir drie ure lank pikswart duisternis op die aarde. Die son se strale is toe heeltemal weggevat. Die toegang van die aarde af na God toe was vir Jesus in daardie drie ure heeltemal bottoe gesluit, sodat Hy in elke mens se plek die straf op die sonde kon verduur. En die oomblik toe Jesus uitgeroep het: **Dit is volbring** (Johannes 19:30 AFR83) en Hy die laaste asem uitgeblaas het, het die voorhangsel in die tempel van bo tot onder middeldeer geskeur. Met sy sterwe as straf op ons sondes het Hy die toegang van ons af na God toe vir ons oopgebreek.

Ek en jy, broer, suster en kind, hoef nie meer gevange te voel hier op aarde nie. Hierdie lewe onder die son met sy moeite en verdriet is nie vir ons die een en die al nie. En die Here wil hê ons moet sien dat die lewe oor meer as net hier en nou gaan. Deur Paulus kry ons die goddelike aansporing:

Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God (Kolossense 3:2-3 AFR83).

Omdat Christus ook jou skuld betaal het, is jy nie meer vasgevang in die lewe hier onder die son nie. Die werk wat ons doen, is nie maar net om hier op aarde aan die lewe te bly en ryk te word nie. Ons lewe, sê die Here, is vir ewig. Daarom sê Hy, kyk op, verby die son, strewe na Christus toe, strek jou uit na Hom toe, want dit is na Hom aan God se regterhand waarheen die Heilige Gees met jou en met my op pad is.

Geliefdes, miskien sal nie almal van ons onthou nie, maar in Oktober verlede jaar het die Here aan die hand van Lukas 16 vir ons geleer dat die wyse waarop ons met ons aardse besittings te werk gaan, vir ons sal wys hoe seker ons is oor ons ewige bestemming by die Here. Vanoggend leer die Here vir ons 'n soortgelyke les. As die lewe vir ons vrugteloos geword het, soos wat die Prediker dit vir ons skilder, as dit vir ons voel of alles tot niks kom, dan moet ons besef dat ons weer begin om net vir hier en nou onder die son te lewe. Christus het vir ons die toegang na God toe weer oopgebreek. En hoe ons ons werk nou doen, sal vir ons wys of ons seker is dat Christus ook vir my en vir jou die verhouding met God oopgemaak het. Die lewe is inderdaad vrugteloos, as ons dit sonder God leef. Saam met God en met ons oog gevestig op Jesus Christus, is ons lewe vol van eindelose vrugte. Hierdie vrugte is nie net die sekerheid wat ons het oor ons ewige bestemming by God nie. Wanneer ons met oortuiging ons gedagtes rig op Christus en so leef, wys ons ook vir ander mense dat ons oortuig is dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het en dat Hy opgevaar het na die hemel.

Amen!

Slotgebed

Psalm 89:8, 14 (p. 445)

- 8 U het voorheen, o HEER, u goddelike lig / laat uitstraal voor ons heen in sienersvérgesig;
U 't van 'n saak gemeld in donker nog verlore: / My hulp verleen Ek aan 'n held deur My verkore,
aan Dawid, aan my kneg, met kosb're self oorgote, / wat Ek verhoog het uit sy stam- en ryksgenote.
- 14 'k Het by my heiligheid aan Dawid trou gesweer, / beloftewoord wat Ek bevestig altyd weer;
sy nageslag en troon sal voor My wees onendig, / net soos die son se lig so glansryk en bestendig;
net soos die maan so vas. En bo die hemelboë / staan die Getuie, in getrouheid onbewoë.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
7 April 2013